# Studiebrief 201/1/2018

## Afrikaans vandag:

## Taalkunde en Skriftelike Kommunikasie

# AFK1503

## Semester 1

## Departement Afrikaans & Algemene Literatuurwetenskap

Hierdie brief bevat belangrike inligting oor:
Werkopdrag 01 en werkopdrag 02 en Eksamentoeligting

STAAFKODE

Open Rubric

Beste Student

In hierdie studiebrief vind jy die volgende belangrike inligting om jou te help met jou studieprogram:

- kommentaar en modelantwoorde op werkopdrag 01 en werkopdrag 02;
- eksamentoeligting

Dit is belangrik dat jy al jou werkopdragte inlewer, omdat dit jou jaarpunt beïnvloed. Hier volg 'n kort uiteensetting van die bydrae wat jou werkopdragpunte tot jou jaarpunt kan maak:

| **Werkopdragnommer** | **Studiemateriaal wat gedek word in opdrag** | **Sluitingsdatum** | **Bydrae tot semester-punt** |
|---|---|---|---|
| **01**<br><br>**Unieke nommer: 637451 – Eerste semester** | Studie-eenheid 1-7 van die studiegids (20 meerkeusevrae) | Semester 1: 9 Maart 2018 | 5% |
| **02**<br><br>**Unieke nommer: 753407 – Eerste semester** | Studie-eenheid 1-7 van die studiegids | Semester 2: 13 April 2018 | 20% |

**BELANGRIKE INLIGTING WORD OP MYUNISA GEPLAAS. MAAK SEKER DAT JY GEREELD HIERDIE WEBWERF BESOEK.**

Ons wil weereens ons versoek aan elkeen herhaal: Tree gerus met ons in verbinding as jy nog enige vrae in verband met die werk het. Ons help jou graag.

Begin sommer dadelik om myUnisa te gebruik as 'n instrument wat ondersteunende onderrig bied.

Sterkte met jou studie!

**Me. L. Grundlingh**
**(Kursusleier: namens die dosente vir AFK1503)**

**MODELANTWOORDE VIR WERKOPDRAG 01**
**Meerkeusevrae (gebaseer op Studie-eenheid 1 - 7 van die studiegids)**

Baie dankie aan al die studente wat gehoor gegee het aan ons versoek om werkopdrag 01 betyds in te stuur. Hierdie werkopdrag is deur die rekenaar nagesien. Die modelantwoorde word met vetdruk aangedui.

1. Deur fyn te luister kan jy:

[1] alle uiterlike en innerlike stemme ignoreer.
**[2] misverstande tot ’n minimum beperk. (p. 5)**
[3] jou wêreld “kleiner” maak.
[4] heeltyd te dink aan wat jy volgende wil sê.

2. Die term “konteks” word gedefineer as:

[1] ’n stilwordproses
[2] denotasie
[3] die gebruik van gebare om met ander mense te kommunikeer
**[4] die omgewing of omstandighede wat die deelnemers aan die kommunikasieproses tot interaksie in staat stel. (p. 6)**

3. Wat is denotasie?

[1] Gesegdes
**[2] Die feitelike betekenis van die woord (p. 11)**
[3] Die figuurlike betekenis van die woord
[4] Oogkontak

4. “Die aanwesigheid van maatstawwe, standaarde of rigsnoere” noem ons ...?

[1] nieverbale kommunikasie
[2] variasie
[3] konnotasie
**[4] norme (p. 16)**

5. Niestandaardafrikaans bestaan uit twee kategorieë, naamlik…

[1] omgangsvariëteite en niestandaardafrikaans.
[2] registervariëteite en niestandaardafrikaans.
[3] registervariëteite en groeptaal.
**[4] omgangsvariëteite en registervariëteite. (p. 25)**

6. Vraelyste, boeke, liedjies, artikels en gesprekke is almal voorbeelde van...?

[1] konnotasie
[2] kontreitaal
**[3] teks (p. 25)**
[4] idiolek

7. Watter een van die volgende is die korrekte fonetiese transkripsie vir die woord “graaf”?

[1] (graaf)
**[2] [xra:f] (p. 30-31)**
[3] (xra:f)
[4] [çra:f]

8. Watter een van die volgende stellings is **<u>waar</u>**?

**[1] Fonetiese klanke word tussen vierkantige hakies geplaas. (p. 30)**
[2] Ons transkribeer al die letters wat ons in ’n woord sien.
[3] ’n Lang klank word deur ’n kommapunt na die fonetiese teken aangedui.
[4] ’n Komma in ’n sin word met ’n dubbel skuinstreep (//) aangetoon.

9. Wanneer ons “op die” as “oppie” uitspreek word dit .... genoem.

[1] assosiasie
[2] vokaalreduksie
**[3] assimilasie (p. 32)**
[4] nasalering

10. Wat is “implisiete taalkennis”?

[1] Die mees basiese vorm van taal.
**[2] Dit wat jy reeds omtrent taal en taalgbruik weet (p. 58)**
[3] Dit wat jy nog omtrent taal en taalgebruik moet leer
[4] Die figuurlike betekenis van woorde

11. Die heersende … word gewoonlik in die amptelike uitsprake van die regering van die dag en die massamedia gereflekteer, en bepaal beleidsrigtings en besluite.

[1] kennis
[2] mode
**[3] diskoers (p. 67)**
[4] taalkennis

12. Wat doen ’n metafoor?

[1] Dit dra kennis oor.
[2] Dit het dieselfde funksie as ’n hiponiem.
[3] Dit bevorder woordbou.
**[4] Dit skep ’n “woordprentjie” sodat mens met ’n nuwe perspektief na iets kan kyk. (p. 72)**

13. Verbande tussen elemente *in* die teks, noem ons …

**[1] intratekstualiteit. (p. 75)**
[2] intertekstualiteit.
[3] kontekstualiteit.
[4] visualisering.

14. Die lees van langer tekste, vir jou eie plesier, staan bekend as …

    [1] soeklees
    [2] vluglees
    **[3] ekstensief-lees (p. 81)**
    [4] intensief-lees

15. Watter een van die volgende stellings oor "spreektaal" is **<u>waar</u>**?

    [1] Spreektaal is minderwaardig ten opsigte van skryftaal.
    [2] Mondelinge werk op skool tel gewoonlik meer as skriftelike werk.
    **[3] Mense leer gewoonlik eers om hul taal te praat en daarna te luister. (p. 96)**
    [4] Skryfstelsels ontwikkel voor die taal gepraat word.

16. Wat is die doel van 'n komma?

    **[1] Dit "grens" gedagtes in langer sinne af (p. 112)**
    [2] Dit word aan die einde van sinne gebruik.
    [3] Dit dui aan dat iets iemand se direkte woorde is.
    [4] Dit skep 'n langer pouse in die sin.

17. Die aksentsreep word gebruik om ...

    [1] meer aandag op die gedagte wat volg te plaas.
    [2] 'n lettergreep aan te dui
    [3] aan te dui dat iets gaan volg.
    **[4] 'n woord in 'n sin te beklemtoon. (p. 113)**

18. "Wortels" is morfeme wat…

    **[1] as die basis vir woordvorming kan dien, maar wat nie selfstandig kan optree nie. (p. 126)**
    [2] nie as die basis vir woordvorming kan dien nie, maar wat selfstandig kan optree.
    [3] as die basis vir woordvorming kan dien en selfstandig kan optree.
    [4] nie as die basis vir woordvorming kan dien nie en nie selfstandig kan optree nie.

19. Die woord "hondehok" is 'n voorbeeld van 'n…

    [1] simpleks.
    [2] afleiding.
    **[3] samestelling. (p. 125 en p. 126)**
    [4] samestellende afleiding.

20. Watter een van die volgende stellings is **<u>onwaar</u>**?

    [1] E-posboodskappe gee aanleiding tot emosionaliteit.
    [2] E-pos is nie 'n plaasvervanger vir briewe nie.
    **[3] Presiese terugvoer op 'n e-pos is onmoontlik. (p. 147)**
    [4] E-pos is 'n kombinasie van geskrewe en gesproke taal.

**TOTAAL: [20]**

## WERKOPDRAG 02

**DEEL1: LUISTER- EN LEESVAARDIGHEDE**

**VRAAG 1**

Wat beteken die begrip **nieverbale kommunikasie**? Sluit 2 voorbeelde by jou verduideliking in. (4)

**<u>Moontlike antwoord:</u>**
Nieverbale kommunikasie is kommunikasie wat sonder gesproke taal / woorde plaasvind **(2)**. Dit kan enige van die volgende voorbeelde insluit: lyftaal, oogkontak, fisiese nabyheid, artefakte, aanraking, reukaspekte, lag, vloei, vorentoe leun, die spreker se bewegings te weerspieël, of die afstand tussen die spreker en luisteraar te eerbiedig. **(2)**
**(Studiegids, p. 11 – 13)**

**Let wel:** studente wat direk uit die studiegids afgeskryf het, het geen punt vir hierdie vraag ontvang nie.

**VRAAG 2**

Wat beteken die begrip **implisiete taalkennis**? Gee een voorbeeld om jou verduideliking te ondersteun. (4)

**<u>Moontlike antwoord:</u>**
Implisiete taalkennis verwys na dit wat jy reeds weet van taal en taalgebruik. **(2)** Voorbeeld: Dit beteken dat jy, deur net na die struktuur van 'n teks te kyk, weet of dit 'n gedig of koerantberig is. **(2)**
**(Studiegids, p. 58)**

**Let wel:** studente wat direk uit die studiegids afgeskryf het, het geen punt vir hierdie vraag ontvang nie.

**VRAAG 3**

3.1 Logiese verduideliking = 2 punte (2)
3.2 Wimpy, Coca-Cola, Nescafé (3)
3.3 Meisie (2)
3.4 "Toe vat ek jou weg na 'n wrede straat" / "graffiti teen die mure en haat" / "Snags is daar bendes en polisie wat baklei" **[Geen aanhalingstekens = geen punte]** (2)

3.5.1 melkskommel (1)
3.5.2 meng / roer (1)
3.5.3 dink (1)
3.5.4 skeermes / skeermeslem (1)

3.6 Negatief (2)
**[23]**

## DEEL 2: SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

### VRAAG 1

1.1 Waar **(p. 4)**
1.2 Waar **(p. 6)**
1.3 Onwaar **(p. 11)**
1.4 Onwaar **(p. 13)**
1.5 Waar **(p. 16)**
1.6 Waar **(p. 74)**
1.7 Waar **(p. 119)**
1.8 Waar **(p. 122)**
1.9 Onwaar **(p. 123)**
1.10 Onwaar **(p. 126)**

**[10]**

## DEEL 3: GRAMMATIKA

### VRAAG 1 (3)

1.1 [g]
1.2 [ɲ]
1.3 [v]

| |
|---|
| **Let wel:** studente wat nie van blokhakies [ ] gebruik gemaak het nie, het geen punte verdien nie. |

### VRAAG 2

2.1 **“L**os **(½)** my uit**!** **(½)** **”** **(½)** het **N**elia **(½)** geskree. (2)

| |
|---|
| **Let wel:** studente wat nie die aanhalingstekens ingesluit het nie, of nie die aanhalingstekens oopgemaak en gesluit het nie, het nie daardie punt ontvang nie. |

2.2 **S**usan **(½)** moet onthou om rys**,** **(½)** meel**,** **(½)** aartappels**,** **(½)** brood en melk te koop. (2)

### VRAAG 3

3.1 sjokolade (2)
3.2 (Die) president (2)

### VRAAG 4

(6)

4.1 samestelling
4.2 afleiding
4.3 samestellende afleiding
4.4 bepaler
4.5 baie oud
4.6 soos

**[17]**
**TOTAAL: [50]**

## EKSAMENTOELIGTING

**Algemeen**

Die beste voorbereiding vir die eksamen is die deurwerk van die aktiwiteite in die studiegids, asook die uitwerk van die vrae in die twee werkopdragte. Daar is ook voorbeelde van vorige eksamenvraestelle op *my*Unisa wat die moeite werd is om uit te werk. Modelantwoorde word nie vir hierdie vraestelle verskaf nie, maar jy mag spesifieke vakgerigte vrae per e-pos aan die dosent stuur. **Onthou om jou poging om die vraag te beantwoord ook in die e-pos in te sluit.**

Die studiebrief wat jy nou lees, is uiters belangrik omdat dit terugvoer gee op die werkopdragte.

Die vraestel bestaan uit drie dele. Die eksamenvraestel se totaal is 100 punte.

**Besoek asseblief die webwerf, myUnisa, en kyk na al die inligting wat gelaai is vir hierdie module.**

Jou eksamen moet in PEN beantwoord word - GEEN punte word vir antwoorde in potlood gegee nie.

You must answer the exam in PEN - NO MARKS will be awarded for answers in pencil.

**LET WEL: Die Mei/Junie 2018 vraestel se formaat lyk soortgelyk aan opdrag 02.**

**** AN ENGLISH VERSION OF THIS INFORMATION FOLLOWS THE AFRIKAANS VERSION.***

Beste studente
In die Mei/Junie 2018 eksamenvraestel word die eenhede uit die studiegids saamgesmelt.
Deel 1: Luister- en leesvaardighede
Deel 2: Leesvaardighede- en skriftelike kommunikasie
Deel 3: Grammatika

**Let op die volgende by Deel 1: (35 punte)**

- Maak seker dat jy die verkseie konsepte en terme wat in studie-eenhede 1, 2, 3 en 4 van die studiegids gevind word verstaan en kan definieer. Jy kan gevra word om kort paragrawe oor enige van hierdie konsepte of terme te skryf. Die konsepte of terme sluit in: konteks en betekenis, norme, Standaardafrikaans, nieverbale kommunikasie, diskoers, konnotasie en denotasie, teks, implisiete taalkennis ens. ***Gebruik die saakregister op bladsy 180 van jou studiegids om die bladsynommers vir al die terme op te spoor.***
- Gaan die volgende teskte deur asook die aktiwiteite wat daarmee verband hou: *Straal* (p.2), *Coca-Cola Nooi* (p.14), *Skryfwerk* (p.28), *Afrikaners is plesierig* (p.34), *Mooierder assie Son* (p. 40) *Hoe ek voel* (p.51) en *Die honger knaag nog* (p. 85).

**Let op die volgende by Deel 2: (30 punte)**

- Weereens is dit belangrik om die konsepte en terme in die gids te ken. Maak seker dat jy ook kennis dra van die funksies van leestekens. Daar gaan van jou verwag word om 'Waar' / 'Onwaar' vrae oor verskeie stellings en terme te beantwoord.
- Leer die voordele en nadele van e-poskommunikasie.

**Let op die volgende by Deel 3: (35 punte)**

- Ken jou fonetiese transkripsies.
- Maak seker jy kan die onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings van sinne identifiseer.
- Leer die grammatika afdeling goed! (pp. 110 tot 136).

****************************************************************************************************

## **PLEASE NOTE:** The format of the May/June 2018 exam paper looks similar to assignment 02.

Dear students

In the May/June 2018 exam paper the sections of the study guide will be combined:

Deel 1: Luister- en leesvaardighede

Deel 2: Leesvaardighede- en skriftelike kommunikasie

Deel 3: Grammatika

**Please pay attention to the following in Deel 1: (35 marks)**

- Make sure that you understand the variety of concepts and terms discussed in study units 1, 2, 3, and 4 of the study guide. You must be able to explain and define these concepts and terms in short paragraphs. These concepts and terms include: konteks en betekenis, norme, Standaardafrikaans, nieverbale kommunikasie, diskoers, konnotasie en denotasie, teks, implisiete taalkennis etc. ***Please use the 'saakregister' on page 180 of your study guide to look up the page numbers for the different concepts and terms.***
- Read the following texts and go through the activities that accompany each one: *Straal* (p.2), *Coca-Cola Nooi* (p.14), *Skryfwerk* (p.28), *Afrikaners is plesierig* (p.34), *Mooierder assie son* (p. 40)*Hoe ek voel* (p.51) and *Die honger knaag nog* (p. 85).

**Please pay attention to the following in Deel 2: (30 marks)**

- Once again it is important to know and understand the concepts and terms in the study guide. Also make sure that you know the functions of punctuation marks. You will be expected to answer 'Waar' / 'Onwaar' questions about a variety of statements.
- Study the 'voordele' and 'nadele' of e-mail communication.

**Please pay attention to the following in Deel 3: (35 marks)**

- Study the phonetic transcriptions
- Make sure that you are able to identify the *onderwerp*, *gesegde*, *voorwerp* and *bepalings* of sentences.
- Study the grammar section well! (pp. 110 - 136)

**<u>REMEMBER:</u> You MUST answer your exam in AFRIKAANS.**

**DIE EKSAMEN EN HEREKSAMEN:**

**Die EKSAMEN word geskryf in die semester waarvoor jy geregistreer het: as jy dus vir Semester 1 ingeskryf is, moet jy die eksamen in Mei/Junie aflê; as jy vir Semester 2 inskryf, moet jy die eksamen in November aflê.**

Een vraestel van twee uur lank word afgelê en die subminimum wat geld vir die eksamenvraestel is 40%. Dit beteken dat 'n student wat minder as 40% in die eksamenvraestel behaal, nie die module kan slaag nie, al is sy/haar jaarpunt baie hoog. 'n Subminimum van 40% word dus vereis vir kwalifisering vir 'n hereksamen.

Let asseblief daarop dat 40% die subminimum vir kwalifisering vir 'n hereksamen is. **Die subminimum vir 'n slaagpunt vir AFK1503 is 50%**.

Indien jy, nadat jy hierdie studiebrief deurgelees het, nog vrae oor jou eksamenvoorbereiding het, nooi ons jou uit om met ons in verbinding te tree.

Sterkte met die eksamen!